



1 Junie 2021

Beste Ouer

## Menlo vs. Covid: Die President het gepraat

Dit is dag 431 van die nasionale staat van inperking wat weens die Covid-19-pandemie in Suid-Afrika ingestel is. Die aantal virusgevalle in die land het in die afgelope paar weke 'n skerp styging getoon en 'n derde Covid-vlaag is nou onafwendbaar.

Die oorhoofse strategie om die nuwe golf te bestuur is Sondag (30 Mei) deur President Ramaphosa aangekondig en soos elke Suid-Afrikaner reeds weet, verander die reëls na elke aankondiging.

Die toename in Covid-19-gevalle wek kommer – ook in Menlo-geledere. Dit is daarom belangrik dat u van die volgende kennis neem:

- **Tensy die situasie 'n drastiese wending neem, bly die skool oop.**
- Covid-protokol word daaglik, sonder uitsondering, by die skool toegepas:
  - Die leerders se hande word aan die begin van ELKE periode gesaniteer.
  - Die behoorlike dra van maskers word afgedwing.
  - Daar is goeie ventilasie in die klasse. Maak dus seker dat u kind warm aantrek – die klasse is koud vanweë die oop vensters en deure.

U sou merk dat heelwat leerders in die afgelope tyd, vanweë **direkte kontak** met 'n bevestigde Covid-19-geval, huis toe gestuur is. Dit beteken dat 'n leerder:

- sonder 'n masker
- vir 15 minute of langer
- in 'n ongeventileerde vertrek
- nader as 1,5 m aan 'n persoon, wat Covid-19 onder lede het, was.

Die kans vir direkte kontak by die skool is uiters skraal, aangesien leerders deurgaans maskers dra en nie in ongeventileerde klaskamers skoolgaan nie. Tog word daar daaglik leerders huis toe gestuur om te isoleer. Die rede hiervoor is waarskynlik tweërlei: sosiale byeenkomste (partytjies en kuiers) en sportoefeninge.

Sosiale byeenkomste bly 'n doring in die vlees. Die skool het vandeeweek verskeie oproepe en briewe van ouers ontvang waarin ouers die teenwoordigheid van hulle kinders by partytjies probeer regverdig. Gesprekke soos hierdie veroorsaak wrywing waar albei partye – die ouers en die skool – **eintlik ons kinders se beste belange op die hart dra**. Alhoewel sekere protokolle moontlik by partytjies gehandhaaf kan word, is die aard van sosiale byeenkomste met tieners eenvoudig nie bestuurbaar nie. Die skool veroordeel daarom die bywoning van partytjies ten sterkste.



# Die Hoërskool Menlo-Park

Die skool is bekommerd oor graad 12-massapartytjies wat gewoonlik hierdie tyd van die jaar beplan word. Indien die skool bewus raak van so 'n byeenkoms, sal daar 'n sms aan die ouers gestuur word.

Die invloed van sportoefeninge en -wedstryde op die aantal leerders in isolasie, was in Mei duidelik sigbaar. Die skool wil beklemtoon dat daar hoegenaamd geen korrelasie tussen die aantal bevestigde Covid-gevalle in die skool en die aantal leerders wat isoleer, is nie. Een siek speler in 'n rugbyspan veroorsaak byvoorbeeld dat minstens dertig leerders moet isoleer. Die akademiese ontwrigting, tesame met die gesondheidsrisiko wat die beoefening van spansport nou inhou, het die skool genoodsaak om in te gryp.

Verdere ingryping is deur die President aangekondig en na aanleiding hiervan, is die volgende maatreëls op Menlo-bodem ingestel:

- Graadopeninge vind sedert 31 Mei nie meer plaas nie.
- Die aantal leerders wat in die saal toets skryf, word tot 100 leerders beperk.
- President Ramaphosa het beklemtoon dat die isolasietydperk na direkte kontak met 'n bevestigde Covid-geval **TIEN DAE** is. Dit beteken dat die volgende maatreëls getref moet word indien u kind isoleer:
  - U kind moet vir tien dae tuis bly.
  - Indien u kind na tien dae geen Covid-simptome toon nie, mag hy/sy terugkeer skool toe.
  - U kind se skoolwerk is op die TEAMS-platform beskikbaar, maar onderwysers kan deur middel van e-posse bereik word. Kommunikeer asseblief per e-pos met u kind se onderwyser indien die situasie dit vereis. Let asseblief daarop dat die direkte uitsending van lesse nie op hierdie stadium oorweeg word nie.

Ten slotte is dit noodsaaklik dat elke Menlo-onderwyser beskerm word en veilig tussen die Menloparkers voel. Indien 'n onderwyser siek word, sal etlike honderde leerders daardeur geraak word. Die skool pleit daarom by elke ouerhuis om sosiale byeenkomste te vermy en om kinders met griepsimptome tuis te hou.

Die impak van die derde vlaag is in ons hande.

Menlo-groete

MNR. SCHALK REYNDERS  
HOOF